

# OFFISIELLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

## OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGawe OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY



10c	Woensdag 15 Februarie 1978	WINDHOEK	Wednesday 15 February 1978	No. 3705
-----	----------------------------	----------	----------------------------	----------

### INHOUD:

#### PROKLAMASIE:

No. 4 Dorp Dinosdal: Stigtingsvoorwaardes .....

#### AG GOEWERMENSKENNISGEWING:

No. AG.5 Prysbeheer: Maksimum Pryse van Steenkool

#### GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

No. 31 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Regulasies Betreffende die Benaming, Nommering en Hernommering van Strate, Huise en Geboue .....

No. 32 Wysiging van die Regulasies Betreffende Natuurbewaring .....

No. 33 Wysiging van die Regulasies op die Beheer oor Honde in Munisipale Gebiede .....

No. 34 Sluiting van 'n Distrikspad en Proklamering en Klassifisering van 'n Pad: Distrik Bethanien

No. 35 Munisipaliteit van Omaruru: Biblioteekregulاسies.....

No. R.150 (Republiek) Wysiging van die Ekstra en Spesiale Diensgeldregulasies, 1972.....

No. R.182 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/535) ...

No. R.183 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/4/7) .....

#### ALGEMENE KENNISGEWING:

No. 1 Aansoek om Gebied tot 'n Private Wildtuin te laat Verklaar — mn. S. A. Fourie.....

#### ADVERTENSIES:

### CONTENTS:

#### PROCLAMATION:

No. 4 Township of Dinosdal: Conditions of Establishment ..... 186

#### AG GOVERNMENT NOTICE:

No. AG.5 Price Control: Maximum Prices of Coal.... 191

#### GOVERNMENT NOTICES:

No. 31 Peri-Urban Development Board: Regulations on the Naming of Streets and for Providing for and Regulating the Allocation and Re-allocation of Street Numbers to Properties .. 193

No. 32 Amendment of Regulations Relating to Nature Conservation ..... 193

No. 33 Amendment of the Regulations on the Control of Dogs in Municipal Areas ..... 194

No. 34 Closing of a District Road and Proclamation and Classification of a Road: District of Bethanien ..... 194

No. 35 Municipality of Omaruru: Library Regulations 196

No. R.150 (Republic) Amendment to the Extra and Special Attendance Fees Regulations, 1972. 196

No. R.182 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/535) 196

No. R.183 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/4/7). 198

#### GENERAL NOTICE:

No. 1 Notice to have Area declared a Private Game Park — Mr. S. A. Fourie..... 199

#### ADVERTISEMENTS:

## PROKLAMASIE

VAN DIE VOORSITTER VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN SUIDWES-AFRIKA

No. 4 van 1978)

### DORP DINOSDAL STIGTINGSVOORWAARDES

NADEMAAL artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) bepaal dat die Uitvoerende Komitee by ontvangs van 'n kennisgewing van die Registrateur van Aktes dat die bepalings van artikel *twaalf* van genoemde Ordonnansie nagekom is die gebied voorgestel op Algemene Plan A.292/76 (D.64) by proklamasie in die *Offisiële Koerant* tot goedgekeurde dorp moet verklaar;

EN NADEMAAL 'n kennisgewing dat die bepalings van artikel *twaalf* van genoemde Ordonnansie nagekom is deur die Uitvoerende Komitee van die Registrateur van Aktes ontvang is;

SO IS DIT dat die gebied DINOSDAL voorgestel op Algemene Plan A.292/76 (D.64) hierby kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) tot goedgekeurde dorp verklaar word.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die dorp DINOSDAL toegestaan is, word in die Bylae hierby uiteengesit.

GEGEE onder my hand in Windhoek op hierdie die 23ste dag van JANUARIE 1978.

A. H. DU PLESSIS,  
Voorsitter van die Uitvoerende Komitee.

### BYLAE

### STIGTINGSVOORWAARDES

#### 1. Naam van dorp:

Die dorp heet DINOSDAL.

#### 2. Samestelling van dorp:

Die dorp bestaan uit 235 erwe genommer 1-84, 87-150 en 152-238 en 8 oop ruimtes genommer 7, 31, 38, 44, 81, 107, 126 en 158 en strate soos aangedui op Algemene Plan A.292/76 (D.64).

## PROCLAMATION

BY THE CHAIRMAN OF THE EXECUTIVE COMMITTEE OF SOUTH WEST AFRICA

No. 4 of 1978]

### TOWNSHIP OF DINOSDAL CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

WHEREAS section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) provides that upon receipt of a notification from the Registrar of Deeds that the provisions of section *twelve* of the said Ordinance have been complied with the Executive Committee shall declare the area represented on General Plan A.292/76 (D. 64) by proclamation in the *Official Gazette* to be an approved township;

AND WHEREAS notification that the provisions of section *twelve* of the said Ordinance have been complied with has been received by the Executive Committee from the Registrar of Deeds;

NOW THEREFORE under and by virtue of the provisions of section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) the area DINOSDAL, represented by General Plan A.292/76 (D.64) is hereby declared an approved township.

The conditions in terms of which the application for the establishment of the township of DINOSDAL has been granted are set out in the Schedule hereto.

GIVEN under my hand in WINDHOEK on this the 23rd day of January 1978.

A. H. DU PLESSIS,  
Chairman of the Executive Committee.

### SCHEDULE

### CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

#### 1. Name of township:

The name of the township shall be DINOSDAL

#### 2. Composition of township:

The township shall comprise 235 erven numbered 1-84, 87-150 and 152-238 and 8 open spaces numbered 7, 31, 38, 44, 81, 107, 126 and 158 and streets as indicated on General Plan A292/76 (D. 64).

**3. Gereserveerde erwe:**

Die volgende erwe word soos volg gereserveer:

**A. Vir die Administrasie van Suidwes-Afrika:**

- Erf 1 — vir 'n kliniek
- Erf 113 — vir onderwysdoeleindes.

**B. Vir die Plaaslike Bestuur:**

- Erwe 39 en 101-104 — vir dorpsbestuursdoeleindes
- Erf 110 — vir 'n gemeenskapsaal
- Erf 111 — vir parkeerdoeleindes
- Erf 112 — vir sportgrond.

**4. Titelvoorwaardes:**

Die volgende voorwaardes moet ten opsigte van die erwe hieronder gespesifieer ten gunste van die plaaslike bestuur teen die betrokke titelakte geregistreer word:

**A. Ten opsigte van alle erwe buiten erwe 105 en 106 en dié genoem in paragraaf 3 hierbo:**

- (a) Op die erf mag nie na water geboor of gedolwe word nie.
- (b) Behalwe waar anders bepaal, mag nog die geheel, nog 'n deel van die erf oorgedra, verhuur of op enige wyse afgestaan of vervreem word aan enigiemand buiten 'n Kleurling of aan enige venootskap, maatskappy of enige ander liggaam van persone, met of sonder regspersoonlikheid, waarvan al die vennote, direkteure en aandeelhouers of lede, na gelang, nie Kleurlinge is nie: Met dien verstande dat die erf verhuur mag word aan enige staatsdepartement, staatsadministrasie of maatskappy geregistreer ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), of enige ander wet in verband met die registrasie van maatskappye of enige kerkgenootskap, wat deur blankes beheer word, vir die uitsluitlike doel om Kleurlingwerk nemers van sodanige staatsdepartement, staatsadministrasie, maatskappy of kerkgenootskap daarop te huisves: Met dien verstande voorts dat indien die erf benodig word vir die oprigting van 'n woonhuis vir 'n Kleurlingleraar, of indien dit vir die doeleindest van 'n bestaande Kleurlingsendingskool met inbegrip van 'n koshuis wat wettig daarheen oorgeplaas is, gebruik word, dit aan 'n godsdiestige liggaam wat deur blankes beheer word verhuur kan word: Met dien verstande voorts dat as 'n verbandakte oor die erf met die toestemming van die plaaslike bestuur en die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee geregistreer word, die verbandhouer nieteenstaande andersluidende wetsbepalings geregtig is om die eiendom waaroor hy die verband hou, by 'n eksekusie-

**3. Reserved erven:**

The following erven shall be reserved as follows:

**A. For the administration of South West Africa:**

- Erf 1 — for a clinic
- Erf 113 — for educational purposes.

**B. For the local authority:**

- Erven 39 and 101 - 104 — for village management board purposes
- Erf 110 — for a community hall
- Erf 111 — for parking purposes
- Erf 112 — for sports grounds.

**4. Conditions of title:**

The following conditions shall be registered in respect of the erven specified hereunder in favour of the local authority against the relative title deeds:

**A. In respect of all erven except erven 105 and 106 and the erven mentioned in paragraph 3 above:**

- (a) It shall not be permitted to drill or excavate for water on the erf.
- (b) Except where otherwise provided, the erf or any portion thereof shall not be transferred, let or in any other way granted or disposed of to any person other than a Coloured person or to any partnership, company or any other body of persons whether incorporated or unincorporated, of which all the partners, directors and shareholders or members as the case may be, are not Coloured persons: Provided that the erf may be let to any state department, state administration or company which is registered in terms of the Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973), or any other act in connection with the registration of companies or any church denomination which is controlled by whites for the exclusive purpose of lodging Coloured employees of such state department, state administration, company or church denomination on the erf: Provided further that if the erf is required for the erection of a dwelling for a Coloured minister, or if it is used for the purpose of an existing Coloured mission school including a hostel which has been lawfully transferred there, it may be let to a religious body controlled by whites: Provided further that if any mortgage bond on the erf is registered with the consent of the local authority and the Chairman of the Executive Committee the mortgagee shall, notwithstanding any provisions of any law to the contrary be entitled to buy the property mortgaged in his/its favour at a sale in execution and to take transfer of it, whether such mortgagee is a Coloured person or a

verkoping te koop en transport daarvan te neem het sy sodanige verbandhouer 'n Kleurling of 'n vennootskap, maatskappy of ander liggaam van persone met of sonder regpersoonlikheid is waarvan al die vennote, direkteure en aandeelhouers of lede, na gelang, Kleurlinge is, al dan nie, maar as die verbandhouer die erf op hierdie wyse bekom, is hy gebonde aan die bepalings van hierdie subparagraph wat die verdere oordrag, verhuur of vervreemding betref.

- (c) Niemand buiten 'n Kleurling mag toegelaat word om op die erf te woon of dit op enige ander wyse te okkuper nie: Met dien verstande dat een *bona fide* huisbediende wat sy of haar dienste op die erf lewer, onderworpe aan die voorafverkreeë skriftelike toestemming van die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee en die voorwaardes wat gestel word, op die betrokke erf mag woon.
- (d) Die erf mag nie met 'n verband beswaar word nie sonder die voorafverkreeë skriftelike toestemming van beide die plaaslike bestuur en die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee en dan slegs onderworpe aan die voorwaardes wat die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee stel.
- (e) Neteenstaande enige andersluidende bepalings vervat in subparagraph (b) hiervan, mag die erf onderworpe aan die voorafverkreeën goedkeuring van die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee en aan die voorwaardes wat hy ople, oorgedra of op enige ander wyse vervreem of afgestaan word aan enige staatsdepartement, staatsadministrasie of maatskappy geregistreer ingevolge die bepalings van die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), of enige ander wet in verband met die registrasie van maatskappye, of enige kerkgenootskap wat deur blankes beheer word vir die uitsluitlike doel om Kleurling-werknemers van sodanige staatsdepartement, staatsadministrasie, maatskappy of kerkgenootskap daarop te huisves: Met dien verstande dat as die erf of erwe vir godsdienstige doeleinades vir Kleurlinge gebruik word of vir woondoeleinades vir 'n Kleurlingleraar of indien dit vir die doeleinades van 'n bestaande Kleurlingsendingskool, met inbegrip van 'n koshuis wat wettig daarheen oorgeplaas is, gebruik word, dit aan 'n godsdienstige liggaam wat deur blankes beheer word, oorgedra of op enige ander wyse vervreem of afgestaan kan word.
- (f) Geen melkery, stal, koeistal, abattoir, varkhok, bakkery, worsfabriek of enige hinderlike bedryf hoegenaamd, mag op die erf aangebring of bestuur word nie.

partnership, company or other body of persons incorporated or unincorporated of which all the partners, directors and shareholders or members, as the case may be, are Coloured persons or not, but such mortgagee gaining possession of the erf in such manner shall be bound by the provisions of this subparagraph regarding any further transfer, lease, or alienation.

- (c) No person except a Coloured person shall be permitted to reside on the erf or to occupy it in any other manner: Provided that one *bona fide* domestic servant rendering his or her services on the erf shall, subject to the prior written consent of the Chairman of the Executive Committee and the conditions imposed, be permitted to reside on the erf.
- (d) The erf may not be mortgaged without the prior written consent of both the local authority and the Chairman of the Executive Committee and then only subject to the conditions the Chairman of the Executive Committee may impose.
- (e) Notwithstanding any provisions to the contrary contained in subparagraph (b) hereof, the erf may, subject to the prior approval of the Chairman of the Executive Committee and to the conditions which he may impose, be transferred, alienated or disposed of in any other manner to any state department, state administration, any company registered in terms of the provisions of the Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973) or any other law in connection with the registration of companies or any church denomination controlled by whites for the sole purpose of supplying accommodation for Coloured employees of such state department, administration, company or church denomination on the erf: Provided that if the erf or erven are used for religious purposes for Coloured persons, or for dwelling purposes for a Coloured minister, or if it is used for the purpose of an existing Coloured mission school including a hostel which has been lawfully transferred there, it may be transferred, alienated or disposed of in any other manner to a religious body controlled by whites.
- (f) No dairy, stable, cowshed, abattoir, piggery, bakery or sausage factory or any offensive trade may be established or conducted on the erf.

"Hinderlike bedryf" beteken vir die doeleindes van hierdie paragraaf enige een van die besighede, bedrywe, werke of inrigtings genoem in regulasie 1(a) van Goewermentskennisgewing 141 van 10 November 1926, soos gewysig.

- (g) Geen beeste, skape, varke, bokke, bobbejane, ape, roofdiere of trekdiere mag op die erf aangehou word nie.
- (h) Niemand het die reg om sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur op die erf of enige deel daarvan vir enige doel hoegenaamd, behalwe vir die oprigting van 'n gebou op die erf, enige stene, teëls of erdewerkpype of enige ander artikels van sodanige aard, te maak of toe te laat dat dit gemaak word nie.
- (i) Daar mag geen hindernis of verlegging van die natuurlike stormwatergeleiding oor die erf wees sonder raadpleging en goedkeuring van die plaaslike bestuur nie.

**B. Ten opsigte van erwe 2-6, 8-30, 32-37, 40-43, 45-80, 82-84, 87-100, 114-125, 127-150, 152-157 en 159-238:**

- (a) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word en slegs een woonhuis, ontwerp vir bewoning deur slegs een gesin, tesame met die nodige buitegeboue en toebehore mag daarop opgerig word.
- (b) Die hoofgebou, waarvan die minimum bouwaarde R2 000,00 moet wees, mag deur slegs een gesin, en die buitegeboue of bedienekwartiere mag slegs deur een *bona fide* huisbediende, wat sy of haar dienste op die erf lewer, bewoon word.
- (c) Geen geboue of strukture of enige deel daarvan behalwe grensmure, omheinings, brandmure en spoorlyne, na gelang van die geval, mag binne 3 meter van enige straatgrens of binne 2 meter van enige sy- of agtergrens van die erf, opgerig word nie.

**C. Ten opsigte van erf 108:**

- (a) Die erf mag slegs vir kerklike en aanverwante doeleteindes gebruik word en slegs 'n kerk en 'n kerksaal of 'n kerk of kerksaal waarvan die minimum bouwaarde van elk R4 000,00 moet wees, tesame met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word: Met dien verstande dat geen woongrerieue van watter aard ook al voorsien mag word nie.

For the purposes of this paragraph "offensive trade" shall mean any of the businesses, trades, works or organizations mentioned in regulation 1(a) of Government Notice 141 dated 10 November 1926, as amended.

- (g) No cattle, pigs, sheep, goats, baboons, apes, beasts of prey or draught animals may be kept on the erf.
- (h) No person shall have the right to make or cause to be made any bricks, tiles, earthenware pipes or any articles of a like nature on the erf or any part thereof for any purpose whatsoever except for the purpose of erecting a building on the erf without the written consent of the local authority.
- (i) There shall be no obstruction or deviation of the natural course of stormwater over the erf, without consultation with and approval of the local authority.
- B. In respect of erven 2-6, 8-30, 32-37, 40-43, 45-80, 82-84, 87-100, 114-125, 127-150, 152-157 and 159-238:**
- (a) The erf may be used for residential purposes only and only one dwelling house, designed for occupation by a single family, together with the necessary outbuildings and appurtenances, may be erected thereon.
- (b) The main building of which the minimum building value shall be R2 000,00 may be occupied by one family only, and the out-buildings or servants' quarters by only one *bona fide* domestic servant who renders his or her services on the erf..
- (c) No buildings or structures or any portion thereof except the boundary walls, fences, fire walls or railway lines, as the case may be, shall be erected nearer than 3 metres to any street boundary or within 2 metres of any lateral or near boundary of the erf.

**C. In respect of erf 108:**

- (a) The erf may be used only for church purposes and purposes incidental thereto and only a church and a church hall or a church or church hall. The minimum building value each of which shall be R4 000,00 together with the necessary outbuildings, may be erected on the erf: Provided that no living quarters whatsoever may be provided.

(b) Die boubedekking van die erf mag nie hoër wees as 40% van die oppervlakte van die erf nie.

(c) Geen geboue of strukture of enige gedeelte daarvan, uitgesonderd grensmure of heining, mag binne 5 meter vanaf enige straat-, sy- of agtergrens opgerig word nie.

*D. Ten opsigte van erwe 105 en 106:*

(a) Die erf mag slegs vir winkels, wat 'n restaurant mag insluit, gebruik word.

(b) Slegs een hoofgebou van hoogstens twee verdiepings, grondverdieping ingesluit, mag op die erf opgerig word.

(c) Die minimum bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue en toebehore uitgesluit, moet R3 000,00 wees.

(d) Geen geboue of strukture of enige deel daarvan, behalwe grensmure of heining, mag nader as 2 meter vanaf enige straat-, sy- of agtergrens opgerig word nie.

(e) Op die erf mag nie na water geboor of gedolwe word nie.

(f) Geen melkery, stal, koeistal, abattoir, varkhok, bakery, worsfabriek of enige hinderlike bedryf hoegenaamd, mag op die erf aangebring of bestuur word nie.

"Hinderlike bedryf" beteken vir die doeleindes van hierdie paragraaf enige een van die besighede, bedrywe, werke of instellings genoem in regulasie 1(a) van Goewermentskennisgewing 141 van 10 November 1926, soos gewysig.

(g) Geen beeste, skape, varke, bokke, bobbejane, ape, roofdiere of trekdiere mag op die erf aangehou word nie.

(h) Niemand het die reg om sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur op die erf of enige deel daarvan vir enige doel hoegenaamd, behalwe vir die oprigting van 'n gebou op die erf, enige stene, teëls of erdewerkpype of enige ander artikels van sodanige aard, te maak of toe te laat dat dit gemaak word nie.

(i) Daar mag geen hindernis of verlegging van die natuurlike stormwatergeleiding oor die erf wees sonder raadpleging en goedkeuring van die plaaslike bestuur nie.

(b) The building coverage on the erf shall not exceed 40% of the area of the erf.

(c) No buildings or structures or any part thereof except boundary walls or fences may be erected within 5 metres of any street, rear or lateral boundary.

*D. In respect of erven 105 and 106:*

(a) The erf may only be used for shops, which may include a restaurant.

(b) Only one main building not more than two storeys high, ground floor included, may be erected on the erf.

(c) The minimum building value of the main building, outbuildings and appurtenances excluded, shall be R3 000,00.

(d) No buildings or structures or any part thereof except boundary walls or fences may be erected within 2 metres of any street, rear or lateral boundary.

(e) It shall not be permitted to drill or excavate for water on the erf.

(f) No dairy, stable, cowshed, abattoir, piggery, bakery or sausage factory or any offensive trade may be established or conducted on the erf.

For the purposes of this paragraph "offensive trade" shall mean any of the businesses, trades, works or organizations mentioned in regulation 1(a) of Government Notice 141 dated 10 November 1926, as amended.

(g) No cattle, pigs, sheep, goats, baboons, apes, beasts of prey or draught animals may be kept on the erf.

(h) No person shall have the right to make or cause to be made any bricks, tiles, earthenware pipes or any articles of a like nature on the erf or any part thereof for any purpose whatsoever except for the purpose of erecting a building on the erf, without the written consent of the local authority.

(i) There shall be no obstruction or deviation the natural course of stormwater over the erf, without consultation with and approval of the local authority.

**E. Ten opsigte van erf 109:**

- (a) Die erf mag slegs vir 'n crèche en verwante doeleindes gebruik word: Met dien verstande dat die hoofgebou op die erf, buitegeboue uitgesluit, 'n minimum bouwaarde van R10 000,00 moet hê: Met dien verstande voorts dat 'n opsigterswoonstel wat nie groter is nie as 40% van die beboude area, met die voorafgaande skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur opgerig mag word.
- (b) Die boubedekking van die erf mag nie hoër wees as 50% van die oppervlakte van die erf nie.
- (c) Geen geboue of strukture of enige deel daarvan, uitgesonderd grensmure of heinings, mag binne 10 meter vanaf enige straatgrens en 5 meter vanaf enige sy- of agtergrens opgerig word nie.

**F. Omskrywing van erfsgrense:**

By die toepassing van paragrawe 4B(c), 4C(c), 4D(d) en 4E(c) van hierdie Bylae beteken "straatgrens" enige grens gemeenskaplik met 'n straat; "sygrens" 'n grens wat minstens een eindpunt op 'n straatgrens het; en 'n "agtergrens" enige grens buiten 'n sy- of straatgrens.

**E. In respect of erf 109:**

- (a) The erf may be used for a crèche and purposes ancillary thereto: Provided that the main building on the erf, outbuildings excluded, shall have a minimum building value of R10 000,00 Provided further that a caretaker's flat not exceeding 40% of the built-up area of the erf may be erected with the prior consent of the local authority..
- (b) The building coverage may not exceed 50% of the area of the erf.
- (c) No buildings or structures or any part thereof except boundary walls or fences may be erected within 10 metres of any street boundary or within 5 metres of any lateral or rear boundary.

**F. Description of erf boundaries:**

For the purposes of paragraphs 4B(c), 4C(c), 4D(d) and 4E(c) of this Schedule a "street boundary" shall be any boundary common to a street; a "lateral boundary" shall be a boundary with at least one end on the street boundary; and a "rear boundary" shall be any boundary other than a lateral or street boundary.

**Goewermentskennisgewing**

kantoor van die  
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GE-  
BIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 5]

[15 Februarie 1978]

**WET OP PRYSBEHEER, 1964**  
**MAKSIMUM PRYSE VAN STEENKOOL**

Ek, Elias George de Beer, Pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964) bepaal hierby soos volg:

1. Die maksimum prys waarteen enigeen wat steenkool by die trokvrug verkoop, sodanige steenkool aldus kan verkoop, is die steenkoolmyn se netto faktuurprys van die steenkool, plus 16 sent per metriek ton.

2. Behoudens die bepalings van regulasie 1 en 3 hiervan, is die maksimum prys waarteen enigeen (uitgesonderd 'n steenkoolprodusent) steenkool aan enigmmand anders mag verkoop —

**Government Notice**

office of the  
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRI-  
TORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 5]

[15 February 1978]

**PRICE CONTROL ACT, 1964**  
**MAXIMUM PRICES OF COAL**

I, Elias George de Beer, Price Controller, acting under the powers vested in me by section 4 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964) do hereby prescribe as follows:

1. The maximum price at which any person who sells coal by the truck-load, may thus sell such coal, is the colliery's net invoiced price of the coal, plus 16 cents per metric ton.

2. Save as provided in regulations 1 and 3 hereof, the maximum price at which any person (other than a producer of coal) may sell any coal to any other person is —

- (a) die prys wat die verkoper gewoonlik gedurende Januarie 1978 vir steenkool gevra het, plus
- in die geval van Transvaalse steenkool (uitgesonderd steenkool van die Spitzkop steenkoolmyn), 8 sent per 90 kg; en
  - in die geval van Natalse steenkool asook steenkool van die Spitzkop steenkoolmyn, 9 sent per 40 kg; of
- (b) indien enigiemand nie voor die datum van hierdie kennisgewing steenkool verkoop het nie, die prys wat gewoonlik deur enige verkoper in dieselfde of naaste gebied gevra word.

3. Alle pryse wat in regulasie 2 genoem of gespesifiseer word, sluit alle afleveringskoste in.

4. Waar steenkool deur enigeen (uitgesonderd 'n steenkoolprodusent) in hoeveelhede van minder as 90 kg of 40 kg, na gelang van die geval, aan enigiemand anders verkoop word, staan die maksimum prys van sodanige kleiner hoeveelhede in verhouding tot —

- in die geval van Transvaalse steenkool (uitgesonderd steenkool van die Spitzkop steenkoolmyn), die prys per 90 kg wat kragtens regulasie 2(a)(i) bepaal word; en
- in die geval van Natalse steenkool asook steenkool van die Spitzkop steenkoolmyn, die prys per 40 kg wat kragtens regulasie 2(a)(ii) bepaal word.

5. Vir die toepassing van hierdie kennisgewing beteken "steenkool" nie ook antrasiet, smidsteenkol, gassteenkool en steenkool wat in metallurgiese en chemiese prosesse gebruik word nie en beteken "Transvaalse steenkool" ook Oranje-Vrystaatse steenkool.

6. Hierdie regulasies is in Suidwes-Afrika van toepassing.

7. Goewermentskennisgewings 204 van 1 Oktober 1974, 107 van 20 April 1976 en 270 van 1 Oktober 1976 word hierby ingetrek.

E. G. DE BEER,  
Pryskontroleur.

(a) the price ordinarily charged during January 1978 by the seller for coal, plus —

(i) in the case of Transvaal coal (excluding coal from Spitzkop Colliery), 8 cents per 90 kg; and

(ii) in the case of Natal coal as well as coal from Spitzkop Colliery, 9 cents per 40 kg; or

(b) if any person did not sell coal prior to the date of this notice, the price ordinarily charged by any seller in the same or nearest locality.

3. All prices referred to or specified in regulation 2 are inclusive of all delivery charges.

4. Where coal is sold by any person (other than a producer of coal) to any other person in quantities of less than 90 kg or 40 kg, as the case may be, the maximum price of such smaller quantities is proportionate to —

- in the case of Transvaal coal (excluding coal from Spitzkop Colliery), the price per 90 kg determined in terms of regulation 2(a)(i) hereof; and
- in the case of Natal coal as well as coal from Spitzkop Colliery, the price per 40 kg determined in terms of regulation 2(a)(ii) hereof.

5. For the purpose of this notice "coal" excludes anthracite, smithy coal, gas coal and coal used in metallurgical and chemical processes and "Transvaal coal" includes Orange Free State coal.

6. These regulations apply in South West Africa.

7. Government Notices 204 of 1 October 1974, 107 of 20 April 1976 and 270 of 1 October 1976 are hereby withdrawn.

E. G. DE BEER,  
Price Controller.

## Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,  
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrasie van Suidwes-Afrika,  
Windhoek.

## Government Notices

The following Government Notices are published for general information.

H. P. F. GOUS,  
Secretary for South West Africa.

Administration of South West Africa,  
Windhoek.

No. 31]

[15 Februarie 1978]

**RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING  
REGULASIES BETREFFENDE DIE BENAMING,  
NOMMERING EN HERNOMMERING VAN  
STRATE, HUISE EN GEBOUE**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 40 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 314 van 1976:

Voeg die volgende in aan die einde van regulasie 2(b)

“Met dien verstande voorts dat waar die gebruik van metaalplate nie prakties is nie, straatname deur middel van verf op randstene aangebring mag word.”

No. 32]

[15 Februarie 1977]

**WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE NATUURBEWARING**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 84 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), die volgende regulasie gemaak:

Goewermentskennisgewing No. 302 van 1 September 1977 word hierby gewysig deur in die Engelse teks die Bylae daarby deur die volgende Bylae te vervang:

**“SCHEDULE**

(a) The following regulation is hereby substituted for regulation 1:

“1. Notwithstanding anything to the contrary in these regulations the fees per person in respect of the different game parks indicated hereunder, shall be paid for permission to enter the relative game parks:

Day visitors:

	Per person above the age of 16 years	Per person from 6 to 16 years of age	Per person below the age of 6 years
Berg Sebra Park Naukluft	R0,60	R0,30	Nil
Namib Desert Park	R0,60	R0,30	Nil
Von Bach Recreation Resort	R0,60	R0,30	Nil

No. 31]

[15 February 1978]

**PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD  
REGULATIONS ON THE NAMING OF STREETS  
AND FOR PROVIDING FOR AND REGULATING  
THE ALLOCATION AND RE-ALLOCATION  
OF STREET NUMBERS TO PROPERTIES**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 40 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970) approved the following amendment of the regulations promulgated under Government Notice 314 of 1976:

Insert the following at the end of regulation 2(b)

“Provided further that where the use of metal plates are not practical, streetnames may be painted on the kerbing”.

No. 32]

[15 February 1977]

**AMENDMENT OF REGULATIONS RELATING  
TO NATURE CONSERVATION**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 84 of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), made the following regulation:

Government Notice No. 302 of 1 September 1977 is hereby amended by the substitution in the English text for the Schedule hereto of the following Schedule:

**“SCHEDULE**

(a) The following regulation is hereby substituted for regulation 1:

“1. Notwithstanding anything to the contrary in these regulations the fees per person in respect of the different game parks indicated hereunder, shall be paid for permission to enter the relative game parks:

Day visitors:

	Per Person above the age of 16 years	Per person from 6 to 16 years of age	Per person below the age of 6 years
Berg Sebra Park Naukluft	R0,60	R0,30	Nil
Namib desert Park	R0,60	R0,30	Nil
Von Bach recreation Resort	R0,60	R0,30	Nil

All other Game Parks	R 1,20	R 0,60	Nil
----------------------	--------	--------	-----

**Campers and overnight visitors:**

All Game Parks	R 0,60	R 0,30	Nil;"
----------------	--------	--------	-------

(b) Regulation 2 is hereby deleted.”.

---

All other Game Parks	R 1,20	R 0,60	Nil
----------------------	--------	--------	-----

**Campers and overnight visitors:**

All Game Parks	R 0,60	R 0,30	Nil;"
----------------	--------	--------	-------

(b) Regulation 2 is hereby deleted.”.

---

No. 33]

[15 Februarie 1978

**WYSIGING VAN DIE REGULASIES OP DIE BEHEER OOR HONDE IN MUNISIPALE GE-BIEDE**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 15 van die Municipale Hondebelastingordonnansie, 1967 (Ordonnansie 13 van 1967) die volgende wysiging goedgekeur van die Regulasies op die beheer van honde in Municipale Gebiede, aangekondig by Goewermentskennisgiving 131 van 1968:

1. Voeg die volgende regulasie in na regulasie 14:

“14A. Niemand mag toelaat dat enige hond, hetsy gelisensieerd al dan nie, op openbare plekke of privaat eiendom, behalwe die behoorlike omheinde eiendom van sy eienaar, los rondloop nie.”

2. Skrap die woorde “behalwe in verhuurde kampe” in regulasie 15.

3. Voeg die woorde “met of” in na die woorde “word” in die tweede reël van regulasie 8.

---

No. 33]

[15 February 1978

**AMENDMENT OF THE REGULATIONS ON THE CONTROL OF DOGS IN MUNICIPAL AREAS**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 15 of the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967 (Ordinance 13 of 1967) approved the following amendment of the Regulations on the control of dogs in Municipal Areas, promulgated by Government Notice 131 of 1968:

1. The addition of the following after regulation 14:

“14A. Nobody may allow any dog, licensed or not, to walk around unattended in public places or on private property except the properly-fenced property of its owner.”

2. Delete the words “except in leased camps” in regulation 15.

3. Add the words “with or” after the word “owner” in the second line of regulation 8.

---

No. 34]

[15 Februarie 1978

**SLUITING VAN DISTRIKSPAD 463 EN PROKLAMERING EN KLAASSIFISERING VAN 'N PAD DISTRIK BETHANIEN**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrik Bethanien distrikspad 463 wat aangetoon word op sketskaart P955 gesluit soos in Bylae I hieronder beskryf en 'n pad wat aangetoon word op sketskaart P955 geproklameer, die loop daarvan bepaal soos in Bylae II hieronder beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot distrikspad (nommer 463) verklaar.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorture by die kantoor van die Direkteur van Paaie, Windhoek, ter insae beskikbaar.

No. 34]

[15 February 1978

**CLOSING OF DISTRICT ROAD 463 AND PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD DISTRICT OF BETHANIEN**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the district of Bethanien closed district road 463 which is indicated on sketch-map P955 and which is described in Schedule I hereto and proclaimed a road which is indicated on sketch-map P955, defined the course thereof as described in Schedule II hereto and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a district road (number 463).

The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Director of Roads, Windhoek.

## BYLAE I

*Beskrywing van pad:*

Die pad beskryf as distrikspad 463 in Bylae II van Proklamasie 41 van 1954, Bylae III van Proklamasie 53 van 1954 en in Bylaes I en II van Proklamasie 69 van 1966.

*Gedeelte gesluit:*

Die hele.

## SCHEDULE I

*Description of road:*

The road described as district road 463 in Schedule II of Proclamation 41 of 1954, Schedule III of Proclamation 53 of 1954 and in Schedules I and II of Proclamation 69 of 1966.

*Portion closed:*

The whole.

## BYLAE II

